23 Maart en 8 April 2026

# Tygieland-nuus

**Webtuiste:** www.tygies.co.za

EFESIëRS 6:10 Ek vind krag in die Here en in die krag van Sy sterkte.

| PROGRAM VIR DIE WEEK | |
|---|---|
| **Maandag – 23 Maart** | • Playball<br>• A+ Students<br>• Pottebakkery<br>• Young Engineers<br>• Gimnastiek<br>• Krieket-akademie<br>• Netbal Ninjas Akademie<br>• Little Readers<br>• Bulletjierugby: Oefening (17:00 – 18:00) |
| **Dinsdag – 24 Maart** | • **Naskool: Inskrywings vir die vakansieprogram sluit** Inskrywingsvorm<br>• Beheerliggaam E-tussenverkiesing<br>• **TYGIELAND INSTAPPIE – In die Wildernis**<br>• Tygieland-koor oefening<br>• EQ4KIDS (Emosionele intelligensie)<br>• Tennisafrigting (JL's Tennis Academy)<br>• Super Somme (graad R)<br>• A+ Students<br>• Krieket-akademie<br>• Stoei (o.5 - o.6): Oefening (skoolsaal) 17:00 – 18:00 |
| **Woensdag – 25 Maart** | • **SKOOL SLUIT** (gewone tyd)<br>Leerders ontvang verslae (sien bladsy 2)<br>• Experi buddies<br>• A+ Students<br>• Super somme (graad RR)<br>• Krieket-akademie<br>• Netbal Ninjas Akademie<br>• Ballet<br>• Little Readers |
| **Donderdag – 26 Maart** | • RSD (rugbyvaardighede)<br>• Ballet<br>• A+ Students<br>• Tennisafrigting (JL's Tennis Academy) |
| **Vrydag – 27 Maart** | • **Naskool sluit normale tyd** (sien bl. 2)<br>• Gholf<br>• Voortrekkers |

| SKOOLVAKANSIE | |
|---|---|
| **Maandag – 30 Maart** | Naskool: Vakansieprogram begin |
| **Dinsdag – 7 April** | Naskool: Vakansieprogram eindig |

| KWARTAAL 2: PROGRAM VIR DIE WEEK | |
|---|---|
| **Woensdag – 8 April** | • **SKOOL BEGIN**<br>• **Herregistrasievorms** vir **2027:** Word aan die leerders gegee<br>• Experi buddies<br>• A+ Students<br>• Super somme (graad RR)<br>• Krieket-akademie<br>• Netbal Ninjas Akademie<br>• Ballet<br>• Little Readers<br>• Bulletjierugby: Oefening (17:00 – 18:00) |
| **Donderdag – 9 April** | • Tygieland-koor oefening<br>• RSD (rugbyvaardighede)<br>• Hippity Hop<br>• Ballet<br>• A+ Students<br>• Tennisafrigting (JL's Tennis Academy)<br>• Stoei (o.5 - o.6): Oefening (skoolsaal) 17:00 – 18:00<br>• **Tygieland: Mandjie-netbal inligtingsaand** (Tygieland) **18:00** |
| **Vrydag – 10 April** | 🤩 **SNOEPIEDAG** 🤩<br>• **Herregistrasievorms** vir **2027:** Getekende vorms terug by die skool<br>• Gholf<br>• Voortrekkers |

## KURRIKULUM

**GRAAD RR**

**TEMA: PAASFEES**
Liedjie: Hasie in die holte
Gediggie: Hasies hop

**GRAAD R**

**TEMA: PAASFEES**
Liedjie: Hasie in die holte
Gediggie: Paasfees

## SKOOL EN NASKOOL SLUIT

- Die skool sluit **Woensdag, 25 Maart** om **13:00.**
  Leerders ontvang **die vorderingsverslae** aan die **einde van die skooldag** by die voogonderwysers. Geen vorderingsverslae sal vroeër uitgegee word nie.
- **Neem kennis:**
  - Daar sal wel op Donderdag, 26 Maart en Vrydag, 27 Maart toesig wees, maar geen akademiese program word hierdie 2 dae gevolg nie.
  - Die punte vir kwartaal 1 sal Vrydag 27 Maart op die d6 toep beskikbaar wees.
  - Die **naskool sluit** op **27 Maart** om **17:30**. Laat weet asseblief u kind se klasjuffrou voor Maandag, 23 Maart of u kind dié dae (25 - 27 Maart) die naskool gaan bywoon. Ons wil bepaal hoeveel kos ons moet bestel vir hierdie 3 dae.
  - Die **vakansieprogram** begin **30 Maart**.
- Die **skool begin** weer **Woensdag 8 April.**

## NEEM KENNIS

Neem asseblief kennis dat die **snoepiehek en die parkeerarea** ongelukkig **nie beskikbaar sal wees op Woensdag, 25 Maart** nie. Hierdie reëling is as gevolg van voorbereidings vir die **NoordSuid**-**byeenkoms** wat by die skool plaasvind.

Ons versoek dat ouers asseblief alternatiewe reëlings tref vir toegang en parkering op die betrokke dag, en ons vra verskoning vir enige ongerief wat dit mag veroorsaak. Dankie vir u samewerking en begrip.

## HERREGISTRASIES VIR 2027

Die **graad RR en R-leerders** wat reeds in die skool is, sal hulle herregistrasievorms op **8 April** per hand ontvang. Werk asb. dié vorm deur en bring veranderinge aan. Stuur dié vorm dan voor of op **10 April** terug na die klasonderwyser om u kind se plek te verseker. **Maak asb. seker dat u op bladsy 1 tot 4 teken.**